KERKSPIEëL 2014 - ONS GEMEENTE SE UITSLAG

Op 24 Augustus 2014 het lidmate deelgeneem aan ‘n studie wat sekere kernkwaliteite van die kerklike lewe ondersoek. Die resultate is bekend en aangesien dit in werklikheid die lidmate se resultate is wil ons dit graag met almal deel.

Hierdie resultate kan sekerlik op verskeie maniere gebruik word – vir ‘n gemeente wat wonder waar in die geestelike wêreld hy homself bevind, is hierdie ‘n baie goeie verwysingspunt. Ander gemeentes is wel oppad na ‘n doel voor oë, en gebruik die resultate as ‘n verposing om te bepaal hoe ver hulle al gevorder het. Nog ander het ‘n behoefte aan verandering maar is nie seker wat hulle sterk en swak punte is nie – nou het hulle ‘n goeie aanknopingspunt van waar hulle kan beplan.

Die oorsprong van hierdie studie is die “National Church Life Survey Research” in Australië. Gebaseer op 20 jaar se navorsing is nege Kern-Kwaliteite vir gesonde gemeentelewe geïdentifiseer.

Die **Interne Kernkwaliteite** fokus op die interne lewe van die geloofsgemeenskap en omvat aspekte soos GELOOF, EREDIENS en GEMEENSKAP.
Die **Inspirerende Kernkwaliteite** is die belangrikste katalisators wat gemeentes vorentoe laat gaan en word gevind in die VISIE, LEIERSKAP en VERNUWING in die gemeente.

Die **Ekstern-gerigte Kern-Kwaliteite** (DIENS, GETUIENIS en INKLUSIWITEIT) gaan oor die gemeente se fokus na buite.

In Waterberggemeente het 362 volwasse lidmate die vraelys voltooi en die data is deur die NCLS verwerk. Lidmate wat die vorms voltooi het sal onthou dat baie van die vrae oor ons persoonlike geloofslewe gehandel het, en dat die resulate in ‘n groot mate dus ‘n weerkaatsing is van onsself en ons eie ervaring binne die gemeente.

Die vier top **sterk punte** geïdentifiseer is:
1 ‘n Lewende en groeiende geloof
2 Kragtige eredienste wat ons geloof voed
3 Buigsame en verbeeldingryke vernuwing
4 Praktiese en uiteenlopende diens

Die vier **aspekte van die kerk** wat van die hoogste waarde geag word, is:
1 Deel van die Heilige Gemeenskap
2 Prediking en Bybelstudie
3 Praktiese “omgee” vir mekaar
4 Tradisionele eredienste en musiek

Die vier **sterk leierskapeienskappe** van die lidmate:
1 Om intens te kan luister
2 Om voortdurend oplossings te probeer vind
3 Die bou van onderlinge verhoudings
4 Om te leer uit ervaring en ondervinding

Die vier punte wat lidmate geïdentifiseer het wat **aandag vra**:
1. Geleenthede om ons geloof te versterk
2. Die insluiting van nuwe lidmate
3. Geestelike groei
4. Bou van ‘n sterk gemeenskap

Die skematiese diagram hieronder gee ‘n vinnige oorsig oor die Kerklike Lewe Profiel van die NG Gemeente Waterberg in Augustus 2014.

Veel meer inligting kan uit die resultate afgelei word, maar ons volstaan vandag hiermee. In komende maande kan ons meer in detail fokus op elk van die Kern-Kwaliteite en hoe die resultate ons kan help om te groei tot ‘n sterkter geloofsgemeenskap.

Betsie Steynberg